NAMAKWA TOERE& AKKOMMODASIE PTY LTD
2020/895816/07
H/A NAMAKWA TOERE

# Avontuur na: Augrabies Watervalle

Vertrek: Kaapstad – Kaapstad
Soort: Luukse Busvervoer & Lodge
Verwysing: AGB 11
Fisies: 'n Basiese vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet. Hierdie toer is geskik vir mense van alle ouderdomme – wysig asseblief ons kantoor indien u meer inligting benodig om 'n besluit te maak.



## Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het 'n paar lang reis dae wat verleng kan word deur slegte paaie.
- Die noorde van Namakwaland se temperature styg in die somermaande bo 40° C.
- Hierdie toer behels Hotel akkommodasie en 2 maaltye per dag. Al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, is vooraf besoek en uitgekies om aan ons standaarde te voldoen.
- Hierdie toer word aangebied in 'n 2020 Toyota Quantum GD6 2.8 model.

| 2023 TARIEWE | |
|---|---|
| **Deeltarief (p.p.)** | R6 000 |
| **Enkeltarief (p.p.)** | R7 000 |

R3 000 p.p. deposito betaalbaar nadat u bespreking bevestig is en die balans 30 dae voor die toer vertrek.

| Toer verwysing: | Datums 2023: |
|---|---|
| AGB 11/3 | Vr. 10 Februarie – Ma. 13 Februarie 2023 |
| AGB 11/4 | Vr. 17 Februarie – Ma. 20 Februarie 2023 |

## REISPROGRAM: 4- DAG REIS NA AUGRABIES WATERVALLE:

**Ingesluit:** Drie nagte se akkommodasie: Hotel
Geregistreerde toergids
Luukse Busvervoer
Middagetes soos aangedui
Toegangsgeld soos aangedui
Etes soos aangedui

**Uitgesluit:** Drankies
Fooitjies
Middagetes soos aangedui

**Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.**

Email: info@namakwatoere.com&info@namaqualodge.co.za
VOORTREKKERSTRAAT 22 POSBUS 246 VANRHYNSDORP
www.namakwatoere.com & www.namaqualodge.co.za
SEL: +27 (0) 82 654 8877 – JENNY | +27 (0) 89 66 444– MIKE
TEL: +27 (0) 27 219-1633 |377 | WHATSAPP: 066 385 4653
+27 (0) 82 872 9999–SANTA | +27 (0) 72 218 8728 - MARNÉ

# 4-Dag Namakwaland en Augrabies Watervalle

***DAG 1:*** Ons toer skop af in Kaapstad waar ons toerlede opgetel word by die verskillende optel punte in Kaapstad. Vandag se roete volg die N7 na Vanrhynsdorp waar ons die eerste nag van die toer by Namaqua Lodge oornag. Voor ons by die Lodge aandoen gaan ons 'n draai maak by Gifberg waar ons die natuurskoon en rotsformasies besigtig.
*Ingesluit: Middagete & aandete*

***DAG 2:*** Ons verken vandag `n groot deel van die Bokkeveld en Hantam met dorpies soos Nieuwoudtville & Calvinia. Ons ry van hier na die Augrabies-waterval Nasionale Park. Hierdie is beslis die hoogtepunt van ons toer wat jou asemloos sal laat. Met die rivier in vloed, beloof die uitstappie met die gedruis, om ons rustig te maak. Ons oornag vanaand by Augrabies Valle Lodge.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegang: Augrabies watervalle Nasionale Park*
*Uitgesluit: Middagete*

***DAG 3:*** Ons besoek vandag die sendingdorpie Pella. Van hier reis ons terug na Vanrhynsdorp. Op ons roete gaan ons verby Springbok, Kamieskroon en Garies. Dis hier waar ons Namakwaland in 'n droeë seisoen sal ervaar met dié bekwaamste toergids wat opsigself 'n belewenis op sy eie sal wees wat min toeriste al beleef het.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Uitgesluit: Middagete*

***DAG 4:*** Na `n heerlike ontbyt vertrek ons terug na op die N7 na Clanwilliam waar ons eers 'n draai gaan maak in die Pakhuisberge by die bekende C. Louis Leipoldt se graf. Van hier reis ons terug na Kaapstad waar ons `n sielsverrykende toer sal afsluit.
*Ingesluit: Ontbyt*
*Uitgesluit: Middagete*

**Neem asseblief kennis dat in die geval van gevaarlike hoë vlakke water en/of vloed waarskuwings ons die toer na 'n datum sal verskuif wanneer watervlakke daal. In die geval wat die toer reeds aan die gang is sal ons alle moontlike opsies oorweeg en ander aktiwiteite en/of besienswaardighede oorweeg en implementeer.**

## BELANGRIKE INLIGTING:

- Enkel akkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs 2 kamers beskikbaar op elke datum. Kontak asseblief eers ons kantoor voor u voortgaan met 'n enkel bespreking om seker te maak of daar 'n kamer beskikbaar is. Stuur gerus 'n epos na marne@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0)27 2191633.
- Enkel kamers kan altyd na dubbel akkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie en slegs die dubbelfooi per persoon sal gehef word. Die verskil tussen enkel- en dubbel-akkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.
- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag wat die toer klaar maak, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede opinie oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, pendeldiens en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.

## Padtoestande en infrastruktuur:

Die paaie in Namakwaland is baie keer in 'n swak toestand, wat baie swaar druk op ons voertuie plaas. Ons het groot trots in ons voertuie en maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Ons kan ongelukkig nie alle onbeplande situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie.

## Drinkwater:

As 'n reël aanvaar ons dat alle water wat uit 'n kraan kom, ondrinkbaar en nie geskik vir menslike gebruik is nie. Dit mag minerale en bakterië bevat waaraan u gestel nie gewoond is nie. Dit kan ernstige ontsteltenis, ongerief en siekte lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer verwoes. Omtrent al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, verskaf veilige drinkwater op 'n daaglikse basis.

## Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en mees vriendelike gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

## www.facebook.com/namakwatoere

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

### Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

Die Toer is onderhewig aan 'n minimum bespreking van **ses persone,** alvorens dit sal plaasvind.

**Namakwa Toere** onderneem om sover dit moontlik is, geen toer onnodig te kanseller nie. Indien hierdie toere nie as gevolg van Covid-19-regulasies kan plaasvind nie, is ons bereid om al u geld terug te betaal (uitsluitend die **nie-terugbetaalbare** deposito en bankkostes) of u bespreking na 'n volgende datum te verander.

### Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, voltooi die besprekingsvorm. Faks of e-pos die vorm na ons kantoor by info@namakwatoere.com .

Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlugbesprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysingsnommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysingsnommer moet op u depositostrokie aangetoon word EN** moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer waarvoor u bespreek het.

Ons verskaf nie bankbesonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede geld inbetaal het sonder dat hulle 'n toerverwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking telefonies of e-pos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede geld inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Ons begin elke oggend voor ons ry met 'n gebed, en vertrou op die Here vir 'n veilige en sielsverrykende toer.

Vriendelike groete

Vriendelike groete



Namakwa Toere Span

**Hotelverblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is:**

***Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor gedoen word om te kwalifiseer vir tariewe soos hier aangedui.***

| | **City Lodge - Grand West - Kaapstad (3 ***)** |
|---|---|
| Enkelkamer | **R1 510** |
| Dubbel/Twin | **R1 660** |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>06:30 - 09:30 |
| Middag- en Aandete | Restaurant op perseel of<br>Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar |
| Pendeldiens | R320 (+R30 p.p. ekstra)<br>Oorweeg Uber opsies, ons het elke keer nog gevind dit is goedkoper. |
| Parkering | Gratis (langtermyn beskikbaar) |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Grand West Casino, restaurante & Vermaaklikheid is loopafstand |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel |
| Tel | (021) 535 3611 |

| | **Hotel Verde Lughawe - Kaapstad (4 ****)** |
|---|---|
| Enkelkamer | **R1 285** |
| Dubbel/Twin | **R1 600** |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>Weekdae: 04:30 - 09:30<br>Naweke: 04:30 - 10:00 |
| Middag- en Aandete | Restaurant (A la carte)<br>Middagete: 12:30 – 15:00<br>Aandete: 18:30 – 22:30<br>Kamerbediening: 10:00 – 22:30 |
| Pendeldiens | Gratis tussen lughawe en hotel |
| Parkering | Gratis oornag indien u daar slaap.<br>R125 per nag indien u u motor tydens die toer daar wil parkeer |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroegfasiliteit<br>Gimnasium |
| Webtuiste | http://www.hotelverde.co.za/ |
| Tel | (021) 380 5500 |

| | **Road Lodge Lughawe - Kaapstad (1 *)** |
|---|---|
| Enkelkamer | R895 per kamer (een of twee persone) |
| Ontbyt | Kontinentale ontbyt – R90 p.p<br>Weeksdae: 06:30 - 09:00<br>Naweke: 07:00 - 10:00 |
| Etes | Geen restuarant in fasiliteit<br>Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel *Mr Delivery* vir wegneemetes |
| Pendeldiens | R110 (+R30 p.p. ekstra) |
| Parkering | Gratis indien u daar oornag<br>R200 per nag indien u u motor tydens die toer by die hotel wil los |
| WiFi | Gratis |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport |
| Tel | (021) 934 7303 |

# BESPREKINGSVORM

## TOERLID 1:

Van:................................................................................ Mnr./Mev./Mej. - Voorletters:..........................................

Volle naam(e) – Soos dit verskyn op ID en Paspoort Noemnaam:...............................................................

................................................................................ Nooiensvan:...............................................................

ID-nr.: ........................................................................... Telnr.:.................................................................

Woonadres:................................................................... E-pos:...................................................................

............................................................................... Selnr.:................................................................

## TOERLID 2:

Van:................................................................................ Mnr./Mev./Mej. - Voorletters:..........................................

Volle naam(e) – Soos dit verskyn op ID en Paspoort Noemnaam:...............................................................

................................................................................ Nooiensvan:...............................................................

ID-nr.: ........................................................................... Telnr.:.................................................................

Woonadres:................................................................... E-pos:...................................................................

............................................................................... Selnr.:................................................................

---

Toer Datum : ....................................... Toer Verw: **11/** .......................................................

Akkommodasie gedurende die toer: Enkel....... Dubbel...... Twin/Deel (2 Beds).........

**Het u hulp nodig om vlugte te bespreek?:** Ja........... Nee..........

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vertrek **vanaf** lughawe: | Lughawe naam | Datum **na** bestemming: | |
| Vlug **terug na** lughawe: | Lughawe naam | Datum **vanaf** bestemming: | |

**Moet ons help met hotel besprekings?:** Ja........... Nee...........

Datum: (**Voor** toer begin) ..................................Datum: (**Na** toer eindig) ..................................

| | |
|---|---|
| City Lodge – Grand West | |
| Hotel Verde – Lughawe | |
| Road Lodge - Lughawe | |

Tipe akkommodasie by hotel in Kaapstad?: Enkel............. Dubbel.......... Twin.............

Moet ons help met pendelritreëlings in Kaapstad?**:** Ja........... Nee..........

**<u>Indien uself u vlugte bespreek – bevestig asseblief vlugbesonderhede</u>**

**Opklimpunt:**

| | | |
|---|---|---|
| City Lodge – Grand West | 08:00 | |
| Hotel Verde – Lughawe | 08:30 | |
| Road Lodge - Lughawe | 08:45 | |
| Lughawe – Drop & Go* | 09:00 | |

*Vlugte moet land by die Kaapstad Internationale Lughawe teen 08:10 om betyds te wees vir 09:00 of indien u 'n huurmotor terug gee, maak seker om teen 08:45 betyds te wees.

Handtekening:............................................................ Datum:....................................................................

Naasbestaande:.......................................................... Tel nr.: ..................................................................